

## **Sing vooraf staande:** Psalm 118:12, 13 (p. 579)

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.  
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.  
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –  
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.
- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;  
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.  
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;  
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

## **Lofpsalm 100:1-4 (p. 494)**

- |   |   |   |   |
|---|---|---|---|
| 1 | Juig, al wat leef, juig voor die HEER!<br>Dien God met blydschap, gee Hom eer;<br>kom nader voor sy aangesig,<br>en prys Hom met 'n lofgedig! | 2 | Die HEER is God, erken dat Hy<br>'n eie volk vir Hom berei,<br>'n volk om Hom te dien en vrees<br>en skape van sy wei te wees.      |
| 3 | Gaan deur sy poorte in met lof,<br>met lofsang in sy tempelhof;<br>kom in sy huis, o bondsvolk, saam;<br>verhef sy lof en prys sy Naam.       | 4 | Want goedertieren is die HEER;<br>sy goedheid eindig nimmermeer;<br>sy trou en waarheid hou hul krag<br>tot in die laaste nageslag. |

## **Geloofsbelydenis: Nicea**

Wet

## **Psalm 19:6, 7 (p. 83)**

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!  
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.  
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?  
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;  
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.  
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,  
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Gebed

## **Psalm 116:7, 8, 10 (p. 570)**

- 7 Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?  
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.
- 8 Al my geloftes, uitgespreek in nood, / sal ek betaal as ek voor U mag nader  
en met u gunsvolk in u huis vergader. / Hoe kost'lik, HEER, is in u oog hul dood!
- 10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.  
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

## **Skriflesing:** Levitikus 3:1-17; 7:11-21

## **Kernverse:** Levitikus 3:3-5

**Dan bied hy uit die maaltydoffer vir die Here 'n vuuroffer aan, bestaande uit die vet wat die binnegoed bedek, die vet aan die binnegoed self, die twee niere met**

**die vet aan wat teen die kruis is, en die punt van die lewer wat saam met die niere verwyder word. Die Aäroniete verbrand dit op die altaar, bo-op die brandoffer op die vuur. Dit is 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word. (Levitikus 3:3-5 AFR1983)**

**Tema:** Wie versoen is met God mag in sy teenwoordigheid saam eet

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, om saam te eet is vir seker een van die aangenaamste dinge wat ons kan doen. Wanneer jy iemand nooit om saam met jou aan tafel te eet, sê 'n mens 'n klomp dinge daarmee. Jy sê onder andere: ek wil graag dit wat ek het met jou deel, ek waardeer jou geselskap, ek wil graag ons vriendskap verstewig. Dit is mos ook so dat 'n mens geëerd voel as mense jou nooit om saam met hulle te eet. Met die uitnodiging om saam te eet, kry jy die boodskap dat jy deur die mense aanvaar word en dat hulle jou as 'n vriend saam met hulle wil hê.

Die Here se liefde vir sy mense is allesomvattend. Ons sien dit in die verskillende vrywillige offers wat vir die Here aangebied kan word. In die voorskrifte wat die Here by elk van die drie vrywillige offers gee, maak Hy dit duidelik dat Hy in die eerste plek sy mense by Hom in sy teenwoordigheid wil hê. Gelowiges hoort tog naby aan die Here. Die Here verlos immers mense omdat Hy wil hê dat hulle gemeenskap met Hom sal hê. Hulle moet Hom kom dien en loof en dank. Hulle moet op 'n sigbare en hoorbare wyse hulle liefde teenoor die Here uitleef.

Nou het ons al in die twee vorige offers gesien hoe allesomvattend die Here se liefde vir die mens is en hoe allesomvattend die mens se liefde vir die Here moet wees. Met die brandoffer maak die gelowige dit duidelik dat hy en sy die Here so liefhet dat hulle hulleself geheel en al aan Hom alleen toewy. Met die graanoffer sê die gelowige dat sy en haar liefde vir die Here ook hulle daaglikse werk beheers. Met die graanoffer bring hulle hulle beroep tot in die teenwoordigheid van die Here om daarmee te bely dat hulle daaglikse werk om die Here te dien en eer. Met die maaltydoffer leer die Here ons dat Hy ons nie net as enkelinge nie, maar as 'n gemeenskap van gelowiges, in sy teenwoordigheid wil hê. Hy wil immers hê dat ons ook ons verhoudings met ander mense, of dit nou vriende of familie is, aan Hom sal toewy. Om agter te kom hoe ons ons verhoudings met ander mense aan die Here kan en moet toewy, gaan ons op drie sake let, naamlik die maaltydoffer self, die doel van die offer en wat die betekenis daarvan is.

Anders as by die brandoffer en ander offers waarby diere betrokke was, kon die gelowige uit sy beeskudde 'n koei of 'n bul, of uit sy kleinvee 'n ram of 'n ooi as maaltydoffer vir die Here aanbied. Dit is inderdaad 'n duur offer wat gebring word en die Here laat ook nie toe dat 'n duif of tortelduif as maaltydoffer gebring word nie. Hoewel dit 'n duur offer is, was niemand verplig om 'n maaltydoffer te bring nie. Daarom was dit nie nodig dat daar ruimte moet wees sodat 'n arm gelowige 'n maaltydoffer kan aanbied nie. Hier word immers ook niks van versoening genoem nie, daarom was dit nie nodig dat elkeen 'n maaltydoffer moet bring nie.

Die offerhandeling het dan soos volg verloop: Die gelowige bring die dier sonder liggaamsgebrek na die tent van ontmoeting. 'n Mens offer nie siek en kreupel goed vir die Here nie. Hy verwag die beste. By die tent se ingang plaas die gelowige sy hand op die kop van die dier en sê dat hy dit as maaltydoffer vir die Here aanbied. Deur sy hand op die dier se kop te plaas, sê die gelowige dat die dier in sy plek sterf. Daarna kan die gelowige nie maar terugstaan en 'n toeskouer word nie. Diens aan die Here word deur die gelowige self gedoen. Niemand kan die Here namens 'n ander mens dien nie. Daarom moet die gelowige self die dier doodmaak en slag. Dan gee hy die karkas en bloed vir die priester en gee dit eintlik so vir die Here.

Die priester neem dan die bloed en giet dit teen die altaar uit. Sodoende word die lewe van die dier as't ware voor die Here uitgegiet. Die bloed wat so gestort word, is teken van die gelowige wat sy lewe aan die Here toewy. Daarna word sekere dele van die geslagte dier gevat om op die altaar verbrand te word. Dit is al die vet wat die binnegoed bedek, die vet aan die binnegoed self, die niere met die vet wat teen die kruis is en die punt van die lewer.

Vir baie van ons is hierdie dele van die dier wat verbrand word die dele wat ons eerder nie eet nie en sommer vir die honde sal gooi, omdat dit ongesond is of nie lekker nie. Maar dit gaan hier nie oor smaakvoorkeure of gesondheid nie. Die dele wat verbrand is, is die keur, die primasnitte van die offerdier. Die vet is teken van krag en voorspoed. Vettigheid spreek ook van oorfloed en seën van die Here. Die niere en lewer is net so betekenisvol. Vir die mense van daardie tyd was die niere en die lewer die setel van 'n mens se diepste emosies en gedagtes. Deur die vet, niere en lewer te offer, offer die gelowige nie net die beste van die dier aan die Here nie, maar offer hy ook sy krag en voorspoed, sy emosies en gedagtes aan die Here op. Die gelowige se verstand, krag en siel behoort immers aan die Here, want hy het die Here lief met sy hele verstand, met al sy krag en met sy hele siel.

Nadat die vet, niere en lewer op die altaar geoffer is, kry die gelowige die karkas van die dier terug van die Here af. Dan mag hy en almal wat genooi is feesvier daar naby die tent van ontmoeting. Hulle eet as't ware in die teenwoordigheid van die Here saam. Natuurlik kry die priesters ook hulle deel van die maaltydoffer, want die Here versorg self sy diensknegte. Die regterboud en die bors van die dier word aan die priesters gegee.

Indien die maaltydoffer 'n dankoffer is, moet die vleis op dieselfde dag geëet word. Indien dit 'n gelofte of 'n ander vrywillige offer is, mag die vleis nog die volgende dag geëet word. Hierdie bepaling van die Here het natuurlik met gesondheidsredes te doen en moes die Israeliete leer om elke dag op die Here te vertrou vir kos. Maar nog 'n oortuigende rede is dat die een wat offer soveel as moontlik medegelowiges na die maaltydoffer sal nooi, ingesluit die die armes, sodat soveel as moontlik mense in die goedheid en sorg van die Here mag deel. Die enigste beperking op wie van die maaltydoffer mag eet, was dat hulle godsdienstig rein moet wees.

Geliefdes, ons moenie dink dat die maaltydoffer maar net 'n lekker fees was en dat dit al is waaroor die maaltydoffer gegaan het nie. Die Heilige Gees vestig ons aandag op die woorde in vers 5. Die maaltydoffer self het niks met versoening te doen nie. Die maaltydoffer het onder andere die doel gehad om gelowiges van die goedheid van die Here te laat geniet, maar hulle kon dit alleenlik geniet het as daar versoening gedoen is. Daarom sê die Here dat die dele van die maaltydoffer **bo-op die brandoffer** op die altaar verbrand moet word. Die Here het mos aangaande brandoffer gesê: **Daarna sit hy sy hand op die offerdier se kop sodat dit aanvaar sal word as versoening vir hom.** Sonder hierdie versoening was die gelowige nie in 'n posisie om tot God te nader met 'n maaltydoffer nie en kon hy ook nie saam met ander gelowiges in die teenwoordigheid van die Here eet nie.

Wat die doel van die maaltydoffer betref, broers, susters en kinders, blaai ons na Levitikus 7. Die eerste doel van 'n maaltydoffer is om uitdrukking te gee van 'n mens se dankbaarheid. By die maaltydoffer het gelowiges die seën van die Here se goedheid geniet en dankie gesê vir al die seëninge wat hulle van die Here af ontvang. Die offerdier is 'n geskenk aan die Here. Vandag gee ons nog steeds geskenke aan mekaar as 'n blyk van waardering en dankbaarheid. Met die maaltydoffer het Israel hulle dank aan die Here betuig omdat Hy vrygewig en genadig is.

'n Tweede doel van die maaltydoffer is om 'n belofte wat aan die Here gemaak is plegtig te bevestig. Mense is geneig om in 'n tyd van krisis maklik 'n belofte aan die Here te maak. En so baie keer gebeur dit dat daardie mense van hulle belofte aan die Here vergeet wanneer dit weer goed gaan

met hulle. Wanneer 'n belofte met 'n offer gepaard gaan, word die plegtigheid van die belofte bevestig. Dit is amper om te sê: Met hierdie maaltydoffer gee ek my woord dat ek sal doen wat ek belowe het. Die maaltydoffer, wat 'n duur offer was, het dan ook gedien om gelowiges daarop bedag te maak om nie sommer maar net 'n belofte aan die Here te maak nie. Wat jy belowe het, moet jy doen.

'n Derde doel van die maaltydoffer is om 'n vrywillige offer te wees. 'n Vrywillige offer is 'n geskenk aan die Here sommer net omdat Hy goed is. Die gelowige gee vrywillig 'n maaltydoffer omdat die Here 'n gebed verhoor het of omdat die Here hom beskerm het. Hierdie offer is nie 'n terugbetaling vir dit wat die Here gedoen het nie en ook nie 'n manier om die Here te manipuleer nie. Dit was bloot 'n uitdrukking van die gelowige se liefde vir die Here.

'n Vierde doel van die maaltydoffer was om 'n mens se verhouding met die Here te versterk. Om saam te eet is om vriendskapsbande met die mense wat saam met jou eet te versterk. By die maaltydoffer het dit dus gegaan oor die versterking van die verhouding tussen mense onderling, maar ook die versterking van hulle verhouding met die Here. Ons moet egter nie dink dat die Here op die een of ander vreemde manier ook saam eet by die maaltydoffer nie. Heidene redeer so. Hulle dink dat hulle gode die kos eet wat hulle vir hulle offer.

By die maaltydoffer is die Here nie 'n gas nie, nie eers 'n eregas nie. Hy is die gasheer. Hy nooi sy mense om in sy teenwoordigheid te kom feesvier. Hy voorsien die kos by die maaltydoffer fees. Hy bepaal hoe die fees gevier moet word. Die Here wil hê dat sy mense maaltydoffers bring, nie omdat Hy honger is nie maar omdat Hy hulle toewyding en diens as geloofsgemeenskap aan Hom begeer. So 'n maaltydoffer en die fees wat daarmee gepaard gegaan het, het nie die gelowige van 'n lewe van ongehoorsaamheid verskoon nie. Intendeel, die genot van die Here se teenwoordigheid is vergroot deur doelbewus tyd in aanbidding in sy teenwoordigheid te bestee en deur gelowig en gehoorsaam in die wêreld te lewe.

Die fees by die offer het daarvan getuig dat Israel tuis voel in die teenwoordigheid van die Here en het gespreek van die oorfloed wat hulle uit sy hand ontvang het. Die maaltydoffer was 'n bevestiging van die vreugde en blydskap wat Israel het om met die Here en met ander gelowiges 'n verhouding te kan hê omdat hulle met God versoen is.

Broers, susters en kinders, nou moet ons daarby uitkom om te sê wat die betekenis van die maaltydoffer is en in besonder watter betekenis dit vir ons Christene het, aangesien maaltydoffers deel is van die seremoniële wette wat in Christus vervul is. Aan die begin het ons gesê dat saam eet steeds deel van ons kultuur is. Met die maaltydoffer word daar vir ons 'n prentjie geteken van die gelowiges van die ou tyd wat in vrede en vreugde met mekaar saam leef, wat die goedheid van die Here met mekaar saam vier en wat in die behoeftes van die armes voorsien deur die fees en luukse ete.

Hierdie elemente van dank, vreugde en mededeelsaamheid vind weer neerslag in die gemeenskap van die gelowiges van die eerste kerk in Jerusalem. Christene **het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan medegelowiges uitgedeel volgens elkeen se behoefte**. Hulle het ook graag saamgekom in die teenwoordigheid van die Here. Lukas skryf in Handeling 2 dat hulle **elke dag getrou by die tempel bymekaargekom het**. Hulle het saam geëet, want ons hoor dat hulle **van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou het**. Lof en dank aan die Here was nie uitgesluit nie. Hulle het die Here geprys, skryf Lukas.

Met hierdie elemente van die maaltydoffer in die eerste kerk laat die Here dit duidelik word dat Hy steeds verwag dat sy gelowiges so onderling met mekaar moet saamleef. In die kerk van die Here waarin die Heilige Gees ons lei, is daar nie plek vir hoogmoed en vir 'n stywe, formele atmosfeer dat

Hy nie weet of jy boe of ba mag sê nie. Die kerk van die Here wat hulle deur die Heilige Gees laat lei, is vriendelik en vol blydskap en saam dien hulle die Here omdat hulle Hom liefhet met hulle hele hart, hulle hele siel en al hulle kragte. Die kerk van die Here is 'n gemeenskap van gelowiges wat regtig vir mekaar omgee en hierdie omgee word sigbaar in die opregte sorg wat aan elkeen in nood gegee word.

Geliefdes, ons kan die Here net dank vir die elemente van die maaltydoffer wat ook in hierdie gemeente sigbaar is. Vriendelikheid en hartlikheid is deel van ons manier van kerkwees. Sorg vir die wat behoefte daaraan het, is ook hier. Maar nou moet ons onself nie op die skouer klop en sê die dinge is heeltemal honderd persent nie. Ons is mos nie volmaak nie, daarom moet ons daaraan bly werk dat hierdie elemente van die maaltydoffer steeds groter en duideliker sal word in ons lewe as kerk.

Tog is kerkwees nie maar net 'n gesellige saamwees met medegelowiges nie, alhoewel ons saamwees en saam aanbid 'n groot deel van kerkwees is. Ons het dit in die maaltydoffer ook gesien. Die maaltydoffer het ten doel om eerste die verhouding met die Here en dan met medegelowiges te versterk. Daarom kon daar nie 'n fees by die maaltydoffer wees as daar nie eers versoening tussen die gelowiges en God gekom het nie.

Dit is in die nagmaal wat ons nog gereeld vier waarin die maaltydoffer sy betekenis vir ons kry. Let daarom op die vergelyking tussen die maaltydoffer en die nagmaal. Die maaltydoffer was 'n viering van God se verbond wat Hy op die berg Sinaï bevestig het; in die nagmaal vier ons die nuwe verbond wat op Golgota vir ons bevestig is. Net mense wat godsdienstig rein is, kon deel hê aan die maaltydoffer se fees; die nuwe verbond verwag dat 'n mens persoonlik rein moet wees om aan die nagmaal deel te hê. Daarom doen elke gelowige selfondersoek. By die maaltydoffer is die gelowiges verbied om die bloed van die offerdier te drink; in die nagmaal word ons deur Christus beveel om die wyn, wat teken is van sy bloed, te drink. En terwyl ons dit drink, dink ons daaraan dat Hy sy kosbare bloed gestort het om ons met God te versoen. Die maaltydoffer was nie net 'n uitdrukking van die gelowiges se dankbaarheid nie, maar ook 'n uitdrukking van hulle hoop dat God sal aanhou om hulle te seën. Jesaja profeteer van die Messias wat 'n groot feesmaal sal hou vir al sy mense en Hy sal self die kos voorsien. In die nagmaal eet en drink ons wat die Here voorsien het, die tekens van Jesus Christus se offer aan die kruis. En ons vier dankbaar nagmaal – dankbaar omdat ons verlos is. Maar ons vier dit ook met 'n groot verlange in ons hart. Ons sien met groot verlange uit na die dag wanneer ons die gaste sal wees by die bruilofsmaal van die Lam waar Jesus sigbaar voor ons die gasheer gaan wees.

Geliefdes, dit is inderdaad 'n mooi vergelyking wat die Heilige Gees ons tussen die maaltydoffer en die nagmaal laat raaksien. En ek is seker daarvan dat elkeen van ons, wat oor drie weke nagmaal wil vier, erns maak met ons verhouding met die Here. Ons weet immers dat ons met God versoen moet wees voordat ons aan die tafel kan kom sit, daarom hou ons styf vas aan die verlossingswerk van Jesus Christus en maak ons erns met die oorblywende sondes in ons lewe. Tog moet ons onself afvra of ons ook erns maak met ons onderlinge verhoudings met mekaar. Spreek ons nagmaalviering van vreugde en blydskap omdat ons mekaar as medegelowiges het? Ken ek die een wat saam met my nagmaal vier en stel ek regtig in hom en haar belang?

Indien ons nee op enige van hierdie vrae moes antwoord, is dit nie dan nou die tyd dat ons vir onself 'n uitdaging stel nie: Kom ons maak dit vir ons 'n doelwit om ten minste nog twee gelowiges saam met ons aan die tafel in die volgende drie maande beter te leer ken. Dan sal ons behoorlik vir mekaar kan begin bid en sal ons vriendelikheid ook groter hartlikheid word. En al meer van ons sal beleef, maar ek hoort tussen hierdie kinders van die Here en saam wil ons die Here nog beter dien.

Dit is waar: Ons moet eers met God versoen wees, voordat saam kan eet in sy teenwoordigheid. En net so waar soos hierdie woorde is die volgende: Om met God versoen te wees, plaas ons onder die verpligting om werklik met vreugde, blydschap en hartlikheid teenoor mekaar saam te eet in die teenwoordigheid van die Here. Mag die Heilige Gees ons as gemeente so lei dat elke element van die maaltydoffer in hierdie gemeente verwesenlik word en betekenis kry.

Amen!

Slotgebed

Psalm 23:1, 3 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,  
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:  
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
  
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,  
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;  
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

**Ds Coen Vrey**

**Gereformeerde Kerk Bellville**

**30 Oktober 2011**